NG Kerk Vrystaat | *Taakspan: Vrouebediening*

5 Februarie 2020

Goeiedag dames

Ek lees onlangs die volgende aanhaling: *Choices, chances, changes: You must make a **choice** to take a **chance** or your life will never **change**.* Die **keuses** wat ons in die lewe maak met die Vader as ons Leidsman, die **kanse** wat ons vat met Jesus as ons Stuurman en die **veranderinge** wat dit in ons gaan teweegbring met die Heilige Gees wat binne ons werk... dit is 'n wonderlike vertroosting dat ons nooit alleen is nie!

Die **Toerustingsgeleentheid by Amanzi (14 tot 16 Februarie 2020)**, wat oor minder as twee weke plaasvind, beloof om só 'n geleentheid te wees. Mag elke dame wat die geleentheid bywoon, geïnspireerd deur die Heilige Gees en Geesvervuld, teruggaan na die onderskeie gemeentes en gemeenskappe om dáár Sy Woord en Werk voor te sit.

**Ons gee graag die volgende inligting deur aangaande die Toerustingsnaweek:**

1. **'n ROETEKAART na Amanzi is op bladsy 2 van hierdie brief beskikbaar**. Let asseblief daarop dat die pad vanaf Brandfort na Amanzi (± 15km), 'n grondpad is. Dit is gewoonlik 'n goeie pad, maar as dit reën kan dit dalk moeiliker begaanbaar wees. Ry asseblief stadig en moenie huiwer om ons te skakel, sou julle enige probleme op dié pad ondervind nie - Marietjie - 076 113 9601, of Béneli - 082 648 0653.
2. **REGISTRASIE** vind vanaf **15:00 tot 17:00** op 14 Februarie 2020 by die hoofgebou plaas.
3. Die terrein na die eetsaal het trappe - stel asseblief die persone by registrasie in kennis indien u nie die trappe sal kan klim nie - spesiale reëlings kan vir die etes getref word.
4. Die **PROGRAM (sien bladsy 2 en 3 van hierdie brief),** begin Vrydagmiddag stiptelik om **17:30** in die Sable Saal (kaart sal by registrasie voorsien word).
5. **Bring die volgende saam:**
   - 'n Bybel
   - Muskietafweermiddel **(NB!)**
   - **KOSHUISINWONERS: Bring asseblief eie HANDDOEKE en 'n WAAIER saam**
   - Die kamers het verkoelers, asook groot waaiers - as jy regtig iemand is wat baie warm kry, bring nog 'n waaier saam!
   - Bring asseblief koffie/tee, melk en suiker saam vir die laataandkuiers
   - Daar is 'n restaurant en winkeltjie op die terrein beskikbaar
   - Kleredrag is gemaklik en informeel

Mag jul voorspoedig reis. Bid saam met ons vir hierdie naweek, dat elke spreker, sanger, tegniese personeel en die personeel van Amanzi, kalm sal wees en dat julle wat die kamp bywoon, deur die Hemelse Vader gelei sal word om Sy Woord te ontvang en daarmee uit te gaan na die wêreld.

Seëngroete.

**Marietjie van der Merwe**
**Sekretaresse: Taakspan Vrouebediening**




# PROGRAM

## TOERUSTINGSNAWEEK - AMANZI

## 14 - 16 Februarie 2020

**VRYDAG 14 FEBRUARIE 2020**

| | |
|---|---|
| 15:00 - 17:30 | REGISTRASIE BY ONTVANGS |
| 17:30 - 17:40 | Konferensie opening (Sable Saal) |
| 17:40 - 18:00 | Verwelkoming en administratiewe reëlings (Sable Saal) |
| 18:00 - 18:15 | Voorstel van VVB |
| 18:15 - 18:30 | Lofprysing |
| **18:30 - 19:30** | ***Dr Frederick Marais*** |
| 19:30 - 20:15 | Aandete |
| 20:15 | **Aandprogram: Boslapa - 'n lekker verassing!** |
| | **Dr Frederick Marais/Ella Kotzé** |

**SATERDAG 15 FEBRUARIE 2020**

| | |
|---|---|
| 07:30 - 08:30 | Oggendwyding - By drie Kruise op die koppie |
| 08:30 - 08:45 | Lofprysing |
| 08:45 - 09:45 | ***Dr Frederick Marais*** |
| 09:45 - 10:00 | Aanbieding deur Engo |
| 10:00 – 10:30 | Tee/Koffie |
| 10:30 - 10:45 | Lofprysing |
| **10:45 - 11:45** | ***Dr Frederick Marais*** |
| 11:45 - 12:45 | Engo - Vroeë Kindontwikkeling |
| 13:00 - 15:00 | Middagete, rus en kuier |
| 15:00 - 15:15 | Lofprysing |
| **15:15 - 16:15** | ***Dr Frederick Marais*** |
| 16:15 - 16:45 | Teebreek |
| 16:45 - 17:00 | Lofprysing |
| **17:00 - 18.00** | ***Dr Frederick Marais*** |
| 18:00 - 19:00 | ***Gemeenteprojekte*** |
| 18:30 - 20:00 | Aandete en kuier |
| 20:00 | Ella en Ellané |

**SONDAG 16 FEBRUARIE 2020**

| | |
|---|---|
| 08:00 - 08:30 | Bedankings |
| 08:30 - 09:00 | Lofprysing |
| 09:00 tot klaar | Nagmaal - Dr Frederick Marais |

***RY ASSEBLIEF VEILIG HUISTOE…***